In sy bydrae, Natuurreservaat 'De wallen van Doesburg', deel R. F. van Wijngeeren die leser besonderhede mee oor die plante- en dierelewe te midde van die oorblyfsels van wat, in die ver verlede, 'n militêre hoeksteen van die toenmalige Ijssellinie was.

— Jan Ploeger

**Mededeling**

Jaarverslag (1973) 'Stichting Menno van Coehoorn'.

Sedert 1932 bestaan bogenoemde vereniging wat hom beywer vir die instandhouding van buite-gebruik-gestelde vestingwerke in Nederland.

In die jongste jaarverslag verskyn, onder meer, mededelings oor historiese vestingwerke in die onderskeie Nederlandse provinsies (restourasiewerk, beskermende werksaamhede, noodgevalle).

Interessant is die bydrae oor ervarings by die gebruik van historiese vestingplanne (L. J. Spanjaerdt Speckman) waarin die skrywer nadruk lê op onnoukeurighede, verbeteringe of aanvullings in geval van herdrukke, vervormingsfaktore en oorname van bestaande foute deur tekenaars wat gebruik gemaak het van werkstukke van voorgangers.

Die skrywer vat die kern van sy betoog soos volg saam: 'Onze voorouders waren weinig zorgvuldig in dat soort zaken' (p. 42).

In sy bydrae, 'Torenforten in Brabant' wys die skrywer, dr J. S. van Wieringen, op die feit dat waar die Engelse in die Napoleontiese tyd hul Martellotorings gebou het, het die Franse vierkantige toringforte opgerig. Die afmetings van die drie modelle was 16, 24x16, 24 m², 10, 72x10, 72 m² en 9, 09x9, 09 m². Die hoogte van hierdie Franse torings was 5,85 m. Op die begaanbare grondhoogte was woonruimtes en onder kelders vir ammunisie en lewensmiddele. Die dak was plat met 'n borswering. In Nederland is, na die inlywing by Frankryk (1810), 'n paar van hierdie forte gebou.

Op pp 63-64 van die verslag kom, van die hand van M. G. L. van Schouwenburg, aantekeninge met betrekking tot die bekende blokhuis te Harrismith en Fort Klapperkop, Pretoria, voor. 'n Tweetal toeligtende foto's verskyn teenoor p 66.

— Jan Ploeger

**ULRICH KRÖLL: Die internationale Buren-Agitation 1899-1902. Haltung der Offentlichkeit und Agitation zugunsten der Buren in Deutschland, Frankreich und den Niederlanden während des Burenkrieges.** Münster, 1973, pp. 478.

Driekwart eeu skei ons van die Tweede Anglo-Boereoorlog en ongetwyfeld sal hierdie feit, sowel in woord as geskrif, nie onopgemerk verbygaan nie. In velerlei opsigte het hierdie botsing, wat oneindig veel meer was as 'n suiwer militêre kragmeting, só diep in die verdere verloop van ons geskiedenis ingegryp, dat elkeen van ons hierdie stryd eenvoudig moet raaksien.

Nou is dit die vraag wat ons raaksien. Is dit uitsluitlik die veldslae en insluiting van sekere strategies of andersins belangrike sleutelposisies? Sal ons ons aandag toespits op krygsmanmoed en krygsmaneer? Sal ons verwyl by die kleinkrygperiode van die oorlogsjare? Sal ons stilstaan by die gevangekampe of by rapportgangers? Sal ons leidende militêre figure weer eens onder die vergrootglas neem? Daar kan 'n oneindige aantal vrae gestel en velerlei onderdele van die oorlog noukeurig betrag word.

Daar is ewenwel, onder die magdom van aspekte, een onderwerp waaraan daar tot op hede nie veel aandag gewy is nie. Dit is die ander oorlog, die oorlog wat in die vorm van persverslae, brosjures, geldinsamelings en pro-Boeremanifestasies sowel in ons land as elders gevoer is.

Die skrywer behandel in sy werk agtereenvolgens die voorgeskiedenis van die oorlog, die gebeurtenisse aan die onderskeie fronte, die houding van die toenmalige grootmoondhede (neutraliteit) en — inteenstelling daarmee — die houding van die Europese openbare mening wat óf pro Boer óf anti-Boer was of in die loop van die stryd van insig en houding verander het (p. 51).
Tot in die onderste lae van bevolkingsgroepe was daar pro-Boer-gevoelens aanwesig en die toonaangewende groepe het dergelike gevoelens gekanaliseer in die oprigting van daadkragtige organisasies.

In hoofstuk 6 bespreek die skrywer die werksaamhede van die 'Alldeutsche Verbund', in hoofstuk 7 kom die 'Deutsche Centrale' en in hoofstuk 8 die 'Deutche Buren-Centrale' aan die beurt. Die inhoud van hoofstuk 9 is aan

die Nederlandse hulp- en propaganda-komitees soos die 'Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging' en die 'Nederlandsche Bijstandsfonds voor Zuid-Afrika', gewy, terwyl ook die historiese instelling van hierdie en ander organisasies belig is. Vir die na-oorlogse verhouding tussen Nederland en Suid-Afrika was hierdie en ander organisasies van besondere belang.

Dr Leyds was gelukkig om aan die hoof van die perskantoor van die 'Algemeen Nederlandsch Verbond', dr H. J. Kiewiet de Jonge, van Dordrecht, 'n toegewyde medewerker te vind wat, saam met een van die grondlêers van ons eie pers (Frederik Rompel), as insamelaars en verspreiders van nuus en pro-Boeregeskrifte 'n netwerk opgebou het wat tot Rusland, die VSA, Turkye en Portugal uitgestrek en besonder belangrike werk, ook in Engeland, verrig het. In die VSA was oud-konsul-generaal Montagu White werksaam; in Parys het die Belgiese joernalis Edgar Roels met die Franse en Britse pers saamgewerk, terwyl in Duitsland sowel Freiherr von Reibritz as eerwaarde. A. Schowalter soortgelyke werksaamhede verrig het.

Die skrywer behandel in hoofstuk II die totstandkoming en werksaamhede van die oorkoepelende pro-Boer-organisasie wat hom, onder die naam 'Internationale Burenliga', beywer het om die internasionale werksaamhede in belang van die Boere in Europa te behartig. Op dié wyse is, in woord en geskrif, sowel as in die vorm van geldelike hulpverlening, die Boeresaak kragtig gesteun.

Dr Kröll het in sy werk 'n onderwerp toeganklig wat tot onlangs slegs gedeeltelik benader en uitgerafel kon word in dr Leyds se versamelde en gepubliseerde korrespondensie of deur raadpleging van die versameling gehuisves in die Dr W. J. Leyds-Argief, Pretoria. Andersyds het hy, deur sy persoonlike navorsing te Parys, s'-Gravenhage, Amsterdam, Bonn, Koblenz, Potsdam, Merseburg, Düssendorf en München diverse aspekte, vir ons hier te lande moeilik bekombaar, belig wat van onskatbare waarde vir die navorser of student is.

Tereg beskou die skrywer dr Leyds en sy medewerkers as bedrywers van wat vandag as 'sielkundige oorlogvoering' bekendstaan en beklemtoon hy die feit, dat hierdie groepe in dié opsig aanmerklik sterker was as hul teenstanders en voorlopers was van hulle wat dieselfde tegniek gedurende die Eerste Wêreldoorlog beoefen het (pp. 323-326). Wat, en dit wil ons graag aan die skrywer se gevolgtrekkings toevoeg, dr Leyds en sy helpers ook bereik het, is die volgende:

(a) dat tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog ware oorlogsbiblioteke ontstaan het waarvan sommige produkte soos C. R. de Wet, 'Der Kampf zwischen Bur und Brite'; W. van Everdingen, 'De oorlog in Zuid-Afrika', artikels van A. Schowalter, W. T. Stead se brosjure **'Are we in the Right?'**, W. Vallentin, 'Meine Kriegserlebnisse bei den Buren', ea die tand van die tyd deurstaan het.

(b) hierdie boeke en brosjures (sien Kröll, pp. 456-470) aanmerklik daartoe bygedra het dat die Tweede Anglo-Boereoorlog vir geslagte in herinnering gebly het, sowel in Europa as elders waar hierdie werke gelees en herlees is. Dit het daartoe bygedra dat die oorlog tot 'n legendariese worsteling uitgegroei het en dat Suid-Afrika 'n groot mate van bekendheid in die wêreld verwerf het, 'n bekendheid wat dikwels tot in ons eie tyd gehandhaaf is.

(c) dat na die oorlog sommige van die hulporganisasies óf bly funksioneer het, óf hul fondse aangewend het om tot die naoorlogse heropbou by te dra.

Ten slotte kan met vrymoedigheid verklaar word dat, waar dit 'n werk oor sielkundige oorlogsvoering met betrekking tot ons militêre verlede betref, hierdie werk nie alleen 'n uiters welkome aanwins is nie, maar tewens dat dit 'n besonder waardevolle bydrae is wat 'n groot leemte in ons kennis op 'n verantwoorde wyse aanvul.

— Jan Ploeger